# 2 Februarie 2024 - Lesing 230 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die verskil tussen kennis en insig **–** 24/10/61

**NO: 8025** Die graad van insig stem ooreen met die graad van julle sielerypheid. Julle mag insig nie met loutere wêreldse kennis verwissel nie, want die **laasgenoemde kan julle julle eie maak deur julle verstand.** Hierdie kennis kan dan ook met die waarheid ooreenstem, as julle dit van hulle oorneem wat al tot insig gekom het, maar dit beteken nie noodwendig insig vir julle nie.

Eers as julle self julle liefde op 'n bepaalde hoogte gebring het, sal julle kan binnedring in die "**kennis**" en dit sal dan vir julle **lewend word** en sal julle nou ook **innerlike lig** verskaf. Julle verkry bowendien die toestand terug wat julle eens vrywillig opgegee het, deurdat julle die lig verwissel het vir die duisternis - **en daardeur alle insig verloor het.**

'n Aangeleerde skolastiese kennis oor My en My Wese, oor die bedoeling van julle aardse bestaan as mens en oor My heilsplan van die terugvoer van die gevalle geestelike is nie voldoende nie. Want julle begryp dit alles nie solank julle nog nie op die graad van liefde is wat julle die innerlike lig, **die werksaamheid van My Gees in julle** waarborg nie.

Dog insig is die teken dat die Goddelike eienskappe in julle weer te voorskyn kom, wat verborge lê **solank julle sonder liefde is.** Insig is lig, wat julle weer moet terugwen om salig te word, vooropgestel dat julle self na lig sal verlang gedurende julle aardse lewe.

Want julle kan ook 'n lewenswandel voer in die liefde, sonder om die verlange na kennis in julle te bespeur. Dan sal egter die lig van insig julle plotseling deurstroom as julle die aardse liggaam afgelê het en ingaan in die ryk hierna.

**'n Geestelik ontwaakte mens moet onderskeid kan maak tussen kennis en insig** - hy moet verstandelike kennis nie gelykstel met insig nie en hy moet ook weet **dat ware insig 'n hoë graad van liefde vereis**.

Dit alles bewys dat julle mense julle gelukkig kan noem as julle **deur die liefde** binnegelei word in 'n diep "kennis" en daardeur tot insig kom. Want dit beteken reeds die binnegaan in julle oertoestand, waarin julle met lig en liefde deurstraal was, voordat julle nog ten prooi geval het aan die duisternis, waarin julle julleself egter nog as mens bevind solank julle nog nie ryp geword het nie, d.w.s. 'n nie-ontwaakte gees verkry het.

Nooit egter kan Ek 'n mens met die lig van insig verbly, wat self nog nie aan die **voorwaarde voldoen** het wat die werk van My Gees toelaat nie. Want dit is My Gees, 'n deel van Myself, wat julle mense **daardie insig gee,** wat vir julle kennis ontsluit wat:

1. julle sal begryp,
2. wat julle sal gelukkig maak,
3. wat julle geestestoestand sal verlig,
4. wat julle alle samehang duidelik laat insien en dus 'n bewys van gevorderde sielerypheid genoem kan word.

Die ware insig maak steeds gelukkig en mag nooit verwar word met **opgeblase kennis** wat nie begryp word nie, omdat My Gees nog nie werksaam kan wees nie, ofskoon die **verstand die kennis opgeneem het**. **Dan bly dit tog dooie kennis,** sonder waarde vir die ontwikkeling van die siel. Ja, dan kan net daarteen gewaarsku word om so 'n kennis julle eie te maak, want eerstens is daar **'n lewe in liefde nodig om hierdie kennis lewend te laat word**.

Die liefde is nodig, want sy wek die gees in die mens op tot lewe en sy sal dan eers 'n ware lig ontsteek en **eers dan word die kennis tot insig**.

Dan eers het die siel die graad van rypheid bereik wat die geestelike duisternis ophef. Dan kan daar eers van 'n lig gepraat word wat die mens **van binne af verlig** -

1. en hom duidelike insig gee oor al die geestelike voorvalle,
2. oor die oerbegin en
3. die einddoel van alles wat bestaan en
4. oor die sin en die doel van die menswees op aarde.

Sodra die mens hierdie insig besit, sodra hy self alles kan aandui, sal hy ook My Wese begryp en die **volste begrip hê vir My heilsplan van ewigheid.**

Want nou deursien hy die samehang, hy sien dan alles helder en duidelik en daar is vir hom nou ook geen ander doel meer as om weer sy oertoestand te bereik nie, waarin hy salig was. En hy sal dan met al sy sinne weer streef na vereniging met My, vanwaar hy eens uitgegaan het. Amein.